# Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 25 JAAR OUD!

GRATIS

Jan./Feb. 2024

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION



Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper


# Aan Sy Hand...

*'n Onbekende jaar lê voor my en wat dit inhou, weet ek nie. Wat daar wag van smart of vreugde is nou nog net bekend by God, my Vader. Daaroor bekommer ek my nie nou nie, maar laat dit in Sy sorg en liefde.*

*Al sou daar siekte wees of sonskyn, al sou dit voorspoed wees of swaarkry, al sou ek volop vriende hê of in eensaamheid my pad moet loop, vertrou ek op die Here se beloftes en aan Sy Hand gaan ek die toekoms in!*

*Al sou die son bedags nie skyn of daar geen ster te sien wees in die nag nie, sal ek nie bang wees vir die donker nie, want die Here Self is vir my die lig en die lewe. Al sou die aardse lig dan dowwer word, is daar in Sy nabyheid altyd LIG!*



wanderlustscarlett.blogspot.com

# EACH STEP I TAKE...

*Each step I take*
*my Saviour goes before me*
*And with His loving Hand*
*He leads the way*
*And with each breath*
*I whisper*
*"I adore Thee"*
*Oh, what joy*
*to walk with Him each day!*

*At times I feel*
*my faith begins to waver*
*When up ahead*
*I see a chasm wide*
*It's then I turn*
*and look up to my Saviour*
*I am strong*
*when He is by my side...*

*I trust in God*
*no matter come what may*
*For Life eternal*
*is in His Hand*
*He holds the key*
*that opens up the way*
*That will lead me*
*to the Promised Land!*

*Each step I take*
*I know that He will guide me*
*To higher ground*
*He ever leads me on*
*Until some day*
*the last step will be taken*
*Each step I take*
*just leads me closer Home...*
*- W Elmo Mercer*



www.flickr.com

# Waarom Swaarkry? Daar is Uitkoms!

My oorlede vader het aan ons kinders iets uit sy eie kinderdae vertel. Hy is gebore in 1896, en dit was die tyd van die opkoms van die Afrikaner met die twee Boererepublieke. Dit was die tyd van Paul Kruger. Terloops, my pa is vernoem na hom. Paul Kruger was Stephanus Johannes Paulus Kruger. Maar my ouma het my pa slegs Stephanus Johannes genoem, en gesê "Paulus" was net 'n bynaam. Ons het my pa net "Fanie" genoem.

Toe die Vryheidsoorlog uitbreek, het die Britse leër Suid-Afrika binnegeval. Al hulle wapentuig, perde, kanonne en alles wat nodig was, het hullle saamgebring. Die Afrikanermans is gevange geneem en na St. Helena verban, en die vroue en kinders is na die konsentrasiekampe geneem waar hullle in haglike toestande moes oorleef. Hulle is sleg behandel, gemartel, het slegte kos gekry en is selfs verkrag.

Op 'n dag was my oupa met die gesin, my ouma en die twee klein seuntjies (my pa en my oom) op pad iewers heen met die perdekar. My oupa het nie gaan oorlog voer nie, want hy het 'n groot en pynvolle abses onder sy regterarm gehad. Hy sou dus nie 'n geweer kon hanteer nie. En daar kom die Tommies!

My oupa het toe gou een van die twee perde uitgespan, opgesaal en weggery. Stadig op 'n galop vanweë die pyn wat hy verduur het. Wat doen die Tommies toe? Hulle teister die vrou met haar twee klein kindertjies. My pa was 6 jaar oud en sy broer 8 jaar. Die soldate neem toe "dooierus" op die perdekar en lê aan op my oupa terwyl hy op 'n stadige galop probeer wegkom! En hulle skiet. Maar dit is mis! En weer en weer, maar dit was mis. Ek reken my gelowige, Gereformeerde ouma het net kon bid. Want sien, ons het afgestam van oom Paul Kruger, 'n Gereformeerde gelowige.

Die Kakies hou aan skiet, maar my oupa verdwyn oor die bult sonder 'n skrapie, met my Ouma met twee klein kindertjies wat getraumatiseer is! Nou die vraag: Hoekom doen God dit dan aan klein, kindertjies en 'n weerlose moeder? Watter innerlike pyn en smarte het hulle deurgemaak, trauma wat hulle nie kon vergeet nie - my pa het dit deurgemaak en onthou, meer as sestig jaar later, tot kort voor sy dood. **Hoekom het dit so gebeur?**

Jan F.E. Cilliers (1865 - 1940) se treffende gedig beskryf die naoorlogse balling se gemoed wanneer hy terugkom na sy land na… NIKS! Die balling kom oor die oseaan vanaf die eiland St. Helena waarheen hy in ballingskap weggevoer is. En wat vind hy?

**DIS AL**

Dis die blond,
dis die blou:
dis die veld,
dis die lug;
en 'n voël draai bowe
in eensame vlug -
dis al

Dis 'n balling gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan -
dis al

Wat sien hierdie man? Blou lug, wolke, 'n voël wat vlieg, 'n graf in die gras (dalk sy vrou s'n?), en net 'n traan wat op die grond val. En DIS AL!

Beleef jy ook 'n "Dis al" in jou lewe? Het jy self 'n NIKS in jou lewe? 'n Leegte? ALLES verloor? Geen werk, geen kinders, geen vriende, geen familie wat omgee nie. Alles is weg! Jesus sê: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee"* (Matt. 11:28).

Hoe gebeur dit dat vrouens en kinders weggevoer is na konsentrasiekampe en hewige smart en lyding moes ondergaan? Mans is weggevoer. Plase tot die grond toe afgebrand onder die Engelse se "Verskroeide-aarde" beleid!

Dan was daar ook Jacob Daniël du Toit, beter bekend as Totius (1877 - 1953). Hy het ook die oorlog deurleef. 'n Formidabele mens. 'n Hoogs beskaafde mens. Skrywer, digter, taalkenner en gesogte teoloog in die Gereformeerde Kerk wat meegehelp het om die grootste deel van die Bybel in Afrikaans te vertaal. Hy het ook meegewerk om die PUK (vanouds die PU vir CHO) te stig - vandag die Noordwes Universiteit (NWU). 'n Nederige Godsman.

Die weerlig tref sy dogtertjie en sy val dood in sy arms! Watter pyn! Watter smart! Watter lyding! Dit is heilige grond. Watter trooswoord kon sy eie mense vir hom aanbied? Ek ken sy Kerkgenootskap, want ek het daarin grootgeword. Ek ken ook daardie Kerk se teologie.

Hy verwoord sy innerlike pyn in 'n gedig:

**O DIE PYN-GEDAGTE**

O Die pyn-gedagte: My kind
is dood! . . .
dit brand soos 'n pyl in my.
Die mense sien daar
niks nie van,
en die Here alleen
die weet wat ek ly.
Die dae kom en die nagte gaan
die skadu's word lank
en weer kort;
die drywerstem van my werk
weerklink,
en ek gaan op my kruisweg
voort.
Maar daar skiet aldeur 'n pyn
in my hart,
so, dat my lewe se glans
verdwyn;
Jou kind is dood
met 'n vreeslike dood!
En ek gryp my bors van die pyn.

O Die bliksemgedagte! . . .
Ja, lieflingskind,
een straal het jou skone liggaam
verskroei,
maar bliksemstrale sonder tal
laat my binneste brand en bloei.
Sy was so teer
soos 'n vlindertjie,
sy't lugtig omheen geswerf;
'n asempie wind
kon haar vlerkies breek
en kyk watter dood
moes sy sterf!

Hoe weinig die kinders
wat so moet sterf,
dis een uit die tienduisend-tal,
en ag, dat dit sy was,
en ek moes sien
dat sy dood in my arms val!

O Die pyn-gedagte: My kind
is dood! . . .
dit brand soos 'n pyl in my;
die mense die sien daar
niks nie van,
en die Here alleen
die weet wat ek ly.

**DIE VERLOSSING VAN PYN: DIE UITKOMS**

Die vraag "waarom" bly maal in ons gedagtes. Ons wroeg en bly wonder... Hoekom die smart en lyding? Kom die pyn en lyding van God? Kom dit van Satan? Kom dit van die mens self? Kom dit van die sondeval? Wie sal ons blameer? Maar sal ons beter voel as ons vrae teologies kan beantwoord? Sal dit ons verlos, of met bitterheid vul as ons weet? Nee! Blote begrip of kennis is nie genoeg nie. Ons moet <u>self</u> by God uitkom!

Ek sit en skryf hierdie gebeure neer na 'n ellelange gesprek met God om sin te maak van alles. Ek deel in Totius se innerlike pyn met Goddelike medelye, en dit brand ook in my soos 'n brandende pyl. Wat as dit ek was wat so 'n smart moes deurleef? Watter bomenslike smart en lyde!

En skielik, onvoorspelbaar, gaan die elektrisiteit af - sonder waarskuwing. Beurtkrag! En die rekenaar stol. Wie het dit gedoen? En hoekom, want ek is steeds besig met God se werk terwyl ek hierdie artikel skryf! Ek sit in die donker met 'n traan wat oor my wang vloei. Net soos Jan F.E. Cilliers hierbo. Meer vrae as antwoorde. Hierna sou God my telkemale 'n blik gee oor menslike lyde, met smart in my hart. En ek bid… Ek doen intersessie vir mense wat ek somtyds nie eers ken nie, want die Here sê: *"Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus"* (Gal. 6:2). Die wet van Christus? Ja. **Liefde.** Wil jy God dien in liefde? Vra Hom om jou 'n hart van liefde en medelye te gee sodat jy ander ook kan dien deur jou gebede.

In Heb. 12:13 staan geskryf: *"…en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie <u>uit lit</u> raak nie, maar liewer gesond gemaak word."* Hoe baie mense deur al die eeue heen het uit lit geraak! Hoe baie het smart en lyding deurgemaak, en is nog steeds bedroef? Dit hou nie op nie!

Het ons al uitgeklaar: Is dit van God, en hoekom? Maar oorloë kom nie van God nie (Jak. 4:1). Is dit van Satan? Is dit die sondeval? Is dit uit die mens, selfs die gevolg van ons vyande se dade? Lê die fout by my, en moet God my nou straf? En met al hierdie vrae, het ek nog nie by 'n antwoord uitgekom nie! Ek sink al dieper en dieper in die put af! Dit is dán dat God my roep: "Kom, my kind, kom in My troonkamer in, kom lê jou lewe en al jou vrae aan My voete neer. Ek sál jou help!"

**KONKLUSIE: WAAR KOM AL DIE RAMPSPOED, PYN EN LYDING VANDAAN? WAT IS DIE OPLOSSING?**

Al sou ons alles teologies en intellektueel kon verklaar, bring dit ons nog nie by die oplossing of uitkoms van die probleem van lyding nie. **Daarvoor het ons nodig om self by God uit te kom.** Ons is almal slagoffers van die sondeval. En selfs Satan maak gebruik daarvan om ons in verdrukking en benoudheid en smart te bring. Maar dán is dit nodig dat ons met God praat, dat Hy 'n unieke antwoord of woord van vertroosting vir jou kan gee!

Daarvoor is daar baie Woord wat die Heilige Gees vir ons kan openbaar, sodat ons kan bid en uitkoms kan kry. Sy Woord sê immers onder andere:

Ps. 50:15 - *"…en <u>roep</u> My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer."*

Jes. 55:6 - *"<u>Soek</u> die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is."*

Jes. 26:20 - *"<u>Kom</u>, My volk, gaan*

Vervolg op p. 3

# Waarom Swaarkry? Daar is Uitkoms!

*Vervolg van p. 2*

*in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan."*

En dan die bekende 2 Kron. 7:14 *"As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder My volk stuur, en My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

Die hele Bybel is vol Skrifgedeeltes waar God die mens uitnooi om hom te verootmoedig en God te soek.

Vra die Heilige Gees vir Woord wat Hy tot jou sal bring, en bid dan daardie spesifieke Woord! God Self het gesê: *"Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie!"* (Heb. 15:5).

Ek het dit gedoen tydens 'n gesondheidskrisis in ons familie, en Hy het fisies met my gepraat en gesê: "Julle sal NIKS oorkom nie!" Kom kry jou antwoorde by God! Lees ook met geloof Psalm 23, glo dit met jou hele hart, en pas dit toe in gebed. Hy sal tot jou hart spreek - woorde van vertroosting en begrip.

Het jý al by die troonkamer van jou Vader uitgekom? Dan kwalifiseer jy om ander te help om ook daar uit te kom. Sy deur staan altyd oop… Hy roep jou! Hoe kan jý ander help? Wat het jy in jou hand?

Ek skryf nog, en daar lui die deurklokkie. Iemand staan voor my met 'n halwe lamsboud en met 'n getuienis van wat my vrou vir haar geestelik beteken het. Dit gryp my hart aan! Wat 'n vertroosting. En dit deur iemand wat self deur beproewing gaan! Ek sê: "Dankie Here, U weet presies wat ek nodig gehad het!" So loop ons ons pad met geloof… En ons bedien troos vir ander vanuit God se troonkamer. Amen.

*© Dr JJ Venter*

# O tla ungwa maungo afe ka 2024?

## (What fruit will you bear in 2024?)



### DITEMANA

"Ke nna setlhare sa moweine sa nnete; Rre ke molemi wa moweine. Kala nngwe le nngwe e e mo go nna e e sa ungweng leungo, o a e tlosa; mme nngwe le nngwe e e ungwang leungo, o a e tlôkôtla gore e tle e ungwe segolo" (Johane 15:1-2)

"O tshwana le setlhare se se tlhomilweng fa dinokaneng tsa metsi, se se ungwang leungo la sona mo motlheng wa sona, se matlhare a sona a sa swabeng, mme tsotlhe tse o di dirang o di swetsa ka lesego" (Pesalome 1:3).

"Lo tla ba itse ka maungo a bone. A go a tle go fulwe leungo la moweine mo mitlweng, gongwe difeie mo mesitlwaneng? Ka moo, setlhare sengwe le sengwe se se siameng se ungwa maungo a a monate; mme setlhare se se siamang se ungwa maungo a a botlhoko. Setlhare se se siameng ga se ka ke sa ungwa maungo a a botlhoko, le setlhare se se siamang ga se ka ke sa ungwa maungo a a monate. Setlhare sengwe le sengwe se se sa ungweng leungo le le monate se a rengwa, se latlhelwe mo molelong. Ka moo he, lo tla ba itse ka maungo a bone" (Matheo 7:16-20).

"Ga se lona lo intlhaoletseng, ke nna ke itlhaoletseng lona, ke bile ke lo beile gore lo ye lo ungwe leungo, mme leungo la lona le nnele ruri, gore se lo ka se kopang Rara mo leineng la me, a se lo nee, le fa e ka nna eng" (Johane 15:16).

"Mme leungo la Mowa lone ke lorato le boitumelo le kagiso le bopelotelele le bopelontle le molemo le boikanyego 23le bonolo le boitshwaro le bophepa; dilo tse di ntseng jalo, molao ga o ganetsanye natso" (Bagalata 5:22).

### DIKAKANYO

Mo Beibeleng Lefoko gantsi le bapisa motho le setlhare sa maungo. Wena o setlhare sa maungo afe? Maungo a a siameng kgotsa a a sa siamang? Maungo a a botlhoko kgotsa maungo a a monate? Gape ga twe setlhare se se sa ungweng maungo se tla ntshiwa mme se latlhelwa mo molelong. Ka nako ya boikhutso re ne ra etela kwa polaseng ya maungo. Koo go ne go na le ditshimo tsa ditlhare tsa diperekisi le ditlhare tsa diapole. E rile fa ke bona setlhare sa diapole se tletse ka maungo ka nagana ka ditemana tsa maungo mo Beibeleng.

Gompieno ke go botsa le wena gore maungo a gago mo bophelong ke maungo a a ntseng jang? Temana e e buang gape ka mefuta ya maungo ke Bagalata 5:22. Lefoko la re maungo a Mowa le bana ba Modimo ke *"... ke lorato le boitumelo le kagiso le bopelotelele le bopelontle le molemo le boikanyego le bonolo le boitshwaro le bophepa"...* A wena mo ngwageng wa 2024 a o tla ungwa maungo a a Mowa kwa ga gago, kwa tirong le gotlhe kwa o tsamayang teng? Mo Johane 15:1-2 Jesu a re: *"Ke nna setlhare sa moweine sa nnete; Rre ke molemi wa moweine. Kala nngwe le nngwe e e mo go nna e e sa ungweng leungo, o a e tlosa; mme nngwe le nngwe e e ungwang leungo, o a e tlokotla gore e tle e ungwe segolo."* A re leke go ungwa maungo a a siameng a a monate ka 2024. Fa o sa ungwe o tlile go o tlile go tlokotliwa kgotsa o ka tlosiwa. Dirisa 2024 go nna setlhare na nnete mo tshimong ya Bophelo.



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

### THAPELO

Ntate wa rona, Molemi wa rona re kopa o re thuse go nna ditlhare tsa maungo tse di ungwang maungo a Mowa. Molemi wa rona re kopa o re thuse gore re ungwe maungo a a monate ka ngwaga wa 2024. Re thuse o re fe monontsha le metsi mme re kgone go nna ditlhare tse di ungwang. Fa go ka na le dikala tse di sa ungweng re kopa o re thuse go di tlosa le fa re itse gore go ka se nne monate fa o di sega. Re tse tsotlhe ka leina le le maatla la Jesu Keresete. AMEN.

*When we pray, we get into union with God's view of other people. Prayer allows us to identify ourselves with His interests in others. If my heart is right with God, every human being is my neighbour.*
*- Oswald Chambers*

# OUR EMOTIONS ARE POWERFUL...

We all have them. These emotions bring flavour to our lives. But sometimes these emotions get away from us and become like wild horses - untamed and running free!

"Wild horse" emotions, if unbridled, can run roughshod through our souls, lives, and relationships. They have the power to destroy us. Yet these same "wild horse" emotions, if brought under control, can carry us to new levels of success.

Consider feral stallions - ones that have not had any human contact. They can be fiery and reactive. When they are threatened by a rival horse, they will assert their dominance - bucking, sparring, and biting to gain control. They become incredibly dangerous creatures. But introduce a predator to their domain and these strong horses become fearful and flee. Nevertheless, even the wildest of these horses can be tamed. Through patient training, it can grow to be calm and collected, displaying graceful strength and power. The same is true of our emotions.

As a follower of Christ, we must learn to tame our "wild horse" emotions, bringing them under submission to God. To overcome these emotions, we must learn to walk in the Spirit. In his letter to the Galatians, the Apostle Paul states, *"I say then: Walk in the Spirit, and you shall not fulfil the lust of the flesh. For the flesh lusts against the Spirit, and the Spirit against the flesh; and these are contrary to one another, so that you do not do the things that you wish"* (Gal. 5:16-17).

"Wild horse" emotions are what Paul refers to in this passage as "the lust of the flesh." They are the emotions that wage war against what we know we ought to do.

Think about a time that you have been really angry with someone. The kind of anger that has you red-faced, eye-popping, foaming-at-the-mouth, fist-waving, foot-stomping angry. Suddenly, your anger takes control and you lash out with no thought of the repercussions of your decision. That's a "wild horse" emotion.

Each of us has our triggers that cause us to get angry, to worry, to be fearful or feel other strong emotions. There are times that these emotions are good, even godly, if for the right reason. Proverbs 1:7 tells us, *"The fear of the LORD is the beginning of knowledge…"* The fear of the Lord is a healthy kind of fear. But there is also a spirit of fearfulness that does not come from the Lord. We may fear an economic collapse, relational discord, or for a wayward child. The fear of such things can lead us to a place that is unhealthy spiritually, emotionally, and physically. Therefore, it is important that we examine what the motivation for these emotions is before we react.

This is also why it's so important for us to walk in the Spirit. What is the result when we are fully submitted to the Holy Spirit? We receive the fruit of the Spirit: love, joy, peace, longsuffering, kindness, goodness, faithfulness, gentleness, and self-control. The Bible tells us that *"Against such [things] there is no law"* (Galatians 5:23).

Walking in the Spirit takes discipline. Discipline is the ability to complete with excellence that which must be done when it must be done.

So, how do we discipline our "wild horse" emotions? James, the brother of Jesus, had a thought on that when he wrote, *"Indeed, we put bits in horses' mouths that they may obey us, and we turn their whole body"* (James 3:3). In other words, we make them obey us through discipline.

Being disciplined to live a Christian life will save you a lot of heartache and headache in this life. In the battle for self-control, the enemy is you. The war of the soul is a civil war. God gave us freedom to choose for ourselves whom we will serve. Will we bow down to the altar of "wild horse" emotions that will lead to destruction, or will we instead walk in the Spirit and choose life?

God's Word calls us to discipline ourselves in our appetites, in our passions, in our affections, in our thoughts, in our attitudes, in our moods, in our speech, in our conduct, in our habits, in our companionships, in our amusement, in our purpose, and in our marriage.

In John 8:31, Jesus said, *"If you abide in My Word, you are My disciples indeed."* If you want to be a disciple of Jesus, you must abide in the Word of God. When you do what's in the Word, when you discipline yourself to live by the words of the Bible, and when you abide in the Word of God, then you are living the life of a disciple.

It is not enough to just believe; we also have to do. Jesus said, *"But why do you call Me 'Lord, Lord,' and not do the things which I say?"* (Luke 6:46). It is not enough to call Jesus "Lord." We are His disciples when we <u>do</u> what He asks of us. Until you are doing what Jesus asks of you, you are not disciplined. You're a wild horse doing your own thing, not advancing the Kingdom of God.

To abide in the Lord, we must be consuming the Word of God. Daily consumption leads to great spiritual health. Are you reading the Word daily? Are you building a healthy relationship with God? We need this communion with God in order to tame our "wild horse" emotions.

Paul said, *"I do not run aimlessly; I do not box as one beating the air. But I discipline my body and keep it under control, lest after preaching to others I myself should be disqualified"* (1 Corinthians 9:26-27, ESV). There is a call of God on your life because you are God's handiwork. You do not need to run through life aimlessly. He created you in Christ Jesus to do good works, which He prepared in advance for you to do. That means there are specific things out there that will bless the Kingdom of God and fill you with contentment, and they have your name on them.

LET GO OF YOUR "WILD HORSE" EMOTIONS. Let go of the pain in your past. Rather, be filled with the fruit of the Spirit as you abide in Christ's calling over your life. Forgive those who have hurt you. Don't become their prisoner, allowing them to take control of your thoughts and emotions. Rather, bring your emotions under submission to the Holy Spirit and live a life filled with peace and joy.

God wants His children to have the best of things in the worst of times. He wants you to live in peace, even when life is hectic and things aren't going your way.

God can use circumstances to build your faith, to move you into a position where you can be used mightily for the Kingdom. Trust in Him, knowing that He loves you so very much and is working all things together for your good!

https://www.jhm.org/article/2023-7-01
- John Hagee Ministries

# Your Trials Are Making You a Sweet Fragrance

My son, My daughter, the current trial you are facing is going to be used to accomplish such a beautiful work in you! No, I did not bring this upon you. The enemy has sought to sift you. But I am always one step ahead of his schemes.

The greater the calamity Satan brings, the greater the glory I get - just to show him how much I turn his activities into My ultimate purposes for My glory!

I am the redeemer God. My servant Paul underwent extraordinary pain and suffering for My Name. Yet, he received a level of revelation that few of my sons or daughters ever get.

Paul actually thanked Me for the suffering because of the fruit that resulted in his life.

You have not suffered to this degree, but you have experienced a great deal of emotional pain in your life. I am using that pain.

You have become a sweet-smelling fragrance to many of My sons and daughters.

Your life allows others to have the courage to move forward in their journey toward Me. You, too, will one day be able to thank Me for the cross.

*"Therefore I take pleasure in weaknesses, in injuries, in necessities, in persecutions, in distresses, for Christ's sake. For when I am weak, then am I strong"* (2 Cor. 12:10).
*- Os Hillman*



# Maak 2024 ‘n Jaar van Vaste Voorneme

**Maak hierdie jaar 'n paar wyse voornemens.
Dit sal jou help om saam met God op die regte pad te bly.**

**VERHOUDING**
**Bevestig opnuut jou verhouding met God.**
***Leer my U pad, Here, ek wil wandel in U waarheid; leer my U met toewyding dien.***
**(Ps. 86:11)**

**VERLEDE**
**Kyk terug op die jaar wat verby is en vra God om jou te wys waar jy deur swakheid en sonde verhoed is om geestelik te groei.**
***Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!***
**(Ps. 139:23-24)**

**VERGIFNIS**
**Bely jou sondes en vra God om jou te vergewe.**
***Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.***
**(1 Joh. 1:9)**

**VERSTERK**
**Vra God om jou te versterk en om vir jou 'n nuwe visie te gee vir die jaar wat voorlê.**
***Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teëspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!***
**(Jer. 29:11)**

**VERNUWE**
**Vra God om jou te help om jou lewe te sien soos Hy dit sien. Wy jou dan opnuut toe aan Sy plan vir jou lewe.**
***Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.***
**(Rom. 12:2)**

**VOORNEME**
**Maak 'n vaste voorneme om getrou te wees aan God se wil vir jou lewe. Maak Sy Naam groot in alles wat Hy in gebed aan jou openbaar.**
***Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.***
**(Fil. 3:14)**

**VERSEKERING**
**Skryf alles neer wat God in gebed aan jou openbaar. Kyk gereeld daarna en onthou dan dit is net deur Sy genade dat jy in Hom kan groei.**
***Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade kan ontvang en so op die regte tyd gered kan word.***
**(Heb. 4:16)**
**- Oorgeneem**

# Put on Christ

***Owe no one anything except to love one another, for he who loves another has fulfilled the law.***
***For the commandments, “You shall not commit adultery,” “You shall not murder,” “You shall not steal,” You shall not bear false witness,” “You shall not covet,” and if there is any other commandment, are all summed up in this saying, namely, “You shall love your neighbour as yourself.” Love does no harm to a neighbour; therefore love is the fulfilment of the law.***
***And do this, knowing the time, that now it is high time to awake out of sleep; for now our salvation is nearer than when we first believed.***
***The night is far spent, the day is at hand. Therefore let us cast off the works of darkness, and let us put on the armour of light.***
***Let us walk properly, as in the day, not in revelry and drunkenness, not in lewdness and lust, not in strife and envy.***
***BUT PUT ON THE LORD JESUS CHRIST, AND MAKE NO PROVISION FOR THE FLESH, TO FULFIL ITS LUSTS*** **(Rom. 13:8-14).**

**Paul emphasizes a high standard of moral conduct, particularly in view of the nearness of the Lord's return, when our salvation will be consummated.**
**The way to moral excellence is twofold: We must put on the Lord Jesus Christ, submit to His lordship, accept His moral standards, live in constant fellowship with Him, and depend upon His strength. Also, we are to make no provision for the flesh, doing nothing to foster its sensual desires and appetites (Read Galatians 5:16-25).**
**Many Christians live defeated lives by yielding to the flesh, which seemingly has a will of its own. Recognising the challenge the flesh poses to the Christian lifestyle, the apostle Paul instructed the believer to *“put on the Lord Jesus Christ, and make no provision for the flesh, to fulfil its lusts”* (verse 14).**
**In Romans 12, Paul teaches that the Christian lifestyle is possible when Christians present both mind and body to Christ; when Christians recognise that the Christian life is sacrificial; and when Christians recognise that the Christian lifestyle is holy - not worldly - but God-conscious and God-centered. Nothing less is acceptable to God. The Christian's lifestyle is their “reasonable service” to the Lord.**
***[New Spirit-Filled Life Bible, NKJV, Thomas Nelson Inc. USA, 2002].***

# “PAPPA, HOU OP!”

‘n Pastoor van 'n plaaslike gemeente het sy assistent opdrag gegee om die Evangelie in 'n ou deel van die stad te gaan verkondig.

Die oomblik toe die eerste man met wie hy gesels, hoor van Jesus, was hy baie ontsteld en het die evangelis gevra om sy huis te verlaat.

